OESTERBAAI INWONERSVERENIGING / OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 20 DESEMBER 2018 OM 10:00 IN DIE OESTERBAAI GEMEENSKAPSAAL / MINUTES OF THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON 20 DECEMBER 2018 AT 10:00 IN THE OYSTER BAY COMMUNITY HALL

1. OPENING Daar word geopen met gebed.	**1. OPENING** The meeting was opened with prayer.
2. VERWELKOMING Die voorsitter, Walter Kurten, verwelkom almal teenwoordig.	**2. WELCOME** The Chairman, Walter Kurten, welcomed everyone present.
3. VERSKONINGS Jack & Debbie Paul Charl & Wilna Taljaard Willie & Henrietta du Plessis Elize Knoetze Kotie & Angelika Sevenster Erna Roux Johan Jacobs Johan Bouwer Mattheüs & Bessie Langenhoven Johan Lotz	**3. APOLOGIES** Jack & Debbie Paul Charl & Wilna Taljaard Willie & Henrietta du Plessis Elize Knoetze Kotie & Angelika Sevenster Erna Roux Johan Jacobs Johan Bouwer Mattheüs & Bessie Langenhoven Johan Lotz
4. AANVAARDING VAN NOTULE AJV 2017 Die notule van die AJV 2017 is aan alle lede uitgestuur en word eenparig aanvaar. Voorgestel deur: Joe Meyer Gesekondeer deur: Gawie Viljoen	**4. ACCEPTANCE OF MINUTES AGM 2017** The minutes of the AGM 2017 had been distributed to all members and were unanimously accepted. Proposed by: Joe Meyer Seconded by: Gawie Viljoen
5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE Alle sake is vervat in die voorsittersverslag.	**5. MATTERS FROM PREVIOUS MINUTES** All matters were included in the Chairman's Report
6. VOORSITTERSVERSLAG 2018 Die voorsittersverslag is op die webwerf beskikbaar asook by die plaaslike winkel (Oesterbaai Inwonersvereniging Inligtingsbord). Slegs die vernaamste punte word derhalwe uitgelig. Vrae is welkom.	**6. CHAIRMAN'S REPORT 2018** The Chairman's Report was available on the website and at the local shop (Oyster Bay Residents' Association Notice Board). Only crucial points were therefore discussed. Questions were welcome.
6.1 OMGEWINGSBESTUURSPLAN Terugvoering word deur Joe Meyer gegee. Die nasionale Departement van Omgewingsake het deur sy omgewingsbeskermings- en infrakstruktuurprogram R10 miljoen vir die duinerehabilitasie en kusopgradering by Oesterbaai toegeken. Dit gaan ongelukkig nie onmiddellik gebeur nie. Hierdie bedrag word in	**6.1 ENVIRONMENTAL MATTERS** Joe Meyer gave feedback. The national Department of Environmental Affairs had through its environmental protection and infrastructure programme awarded R10 million for the dune rehabilitation and coastal upgrading at Oyster Bay. It would unfortunately not happen immediately. This

die 2018/2019 finansiële jaar ingefaseer tot 2022/2023.	amount would be phased in during the 2018/2019 financial year up to 2022/20123.
Die Kouga munisipaliteit (KM) het in die 2017/2018 begroting voorsiening gemaak vir die huur van masjinerie om Branderstraat skoon te maak en die groot duin finaal af te werk. Hierdie belofte van Kouga is egter nie nagekom nie as gevolg van 'n aanvanklike vertraging in die tenderproses en later die voortslepende droogte. Alle beskikbare fondse is aangewend om die waternood in die gebied te verlig.	Kouga Municipality (KM) had made provision in the 2017/2018 budget for rental of machinery to clean up Brander Street and to move the big dune completely. However, this committal by Kouga was not honoured due to an initial delay in the tender process and later on the continuing drought – all available funds were used to alleviate the scarcity of water in the area.
Noodherstelwerk is in Augustus by Johan Bouwer se huis gedoen uit fondse wat Johan self beskikbaar gestel het. Die OIV het verdere fondse hiervoor beskikbaar gestel en die Slangriviermond is ook oopgestoot.	Emergency repairs were made at Johan Bouwer's home with funds made available by Johan himself. ORA made further funds available for this and the Slang River mouth was also opened up.
'n Vergadering is met Frank Tamboer van KM gehou en die dringendheid van die verwydering van die sand by die betrokke huise is beklemtoon. 'n Kosteberaming is gedoen en aangestuur, maar nog geen terugvoering is ontvang nie.	A meeting was held with Frank Tamboer of KM and the urgency of the removal of the sand at the affected houses was emphasized. A calculation of costs was made and forwarded but there was no feedback.
Al die werk wat gedoen moes word, kon nie voltooi word nie weens 'n tekort aan fondse. Die Slangriviermond is suksesvol bestuur.	All the work that had to be done could not be completed due the lack of funds. The Slang River mouth was managed successfully.
Daar is 32 hektaar beplant, maar weens die voortslepende droogte was dit nie suksesvol nie. KM sal genader word om van die boorgatwater te gebruik vir die rehabilitasieproses.	32 hectares were planted but it was not successful due to the ongoing drought. KM would be approached to make use of the borehole water for the rehabilitation process.
Sandvangslote moet geskep word – 'n nuwe verwikkeling rakende die rehabilitasie van die duine.	Sand catching trenches had to be made – a new development concerning the rehabilitation of the dunes.
Daar is drie verskillende voorstelle deur die Departement van Omgewingsake voorgelê vir die daarstel van fasiliteite by die hoofstrand. Dit sal 'n deelnemende proses wees waar alle betrokke partye se insette verkry sal word. Die herverbinding van Oesterlaan en Branderstraat is nie goedgekeur nie.	The Department of Environmental Affairs made three different proposals for erecting facilities at the main beach. It would be a participating process where all affected parties' inputs would be sought. The rejoining of Oyster Avenue and Brander Street was not approved.
Verskeie paaie is ook herstel. Joe beklemtoon dat OIV fondse besig is om leeg te loop. Daar is baie min ondersteuning aan die kant van KM wat befondsing betref. 'n Beroep word op almal gedoen om donasies te maak.	Various roads were repaired. Joe Meyer emphasized that ORA funds were busy running out. Very little financial support was received from KM. An appeal was made to everyone to make donations.

'n Behoeftelys met kosteberaming sal deur die komitee aan almal versprei word.

Henk Bloem versoek dat donasies van elke eienaar deur middel van munisipale rekeninge ondersoek moet word. Hierdie proses word deur St Francisbaai eienaars gevolg. Walter Kurten noem dat 51% van die eienaars hul toestemming moet verleen voordat dit geïmplementeer kan word en dan word die geld net aan sekere projekte toegewys. Die komitee sal opvolg, maar dit kan 'n lang proses wees en intussen moet daar 'n plan saamgestel word om fondse te genereer.

6.2 WATERVOORSIENING

Otto Pepler gee terugvoering. Die boorgate wat gedurende 2017 geboor is, is in werking en lewer 'n groot bydrae tot die watervoorsiening. Die voortslepende droogte het egter 'n groot invloed op die fonteine. Een fontein het heeltemal opgedroog en die ander een lewer slegs 25% van die kapasiteit. Daar is dus nou minder water beskikbaar as 'n jaar gelede en water moet baie spaarsamig gebruik word aangesien daar geen fondse beskikbaar is om, soos in die verlede, water aan te ry om in die behoeftes te voorsien tydens die spitsseisoen nie.

Goeie nuus is dat KM geld begroot het vir nog twee boorgate. Die eerste gat is reeds getoets en lewer ongeveer 8 000 liter per uur en die moontlikheid bestaan dat die tweede een nog sterker sal wees. Dit sal Oesterbaai in 'n beter posisie plaas vir die toekoms.

Deel van die begroting sal ook aangewend word om 'n nuwe pyplyn na die reservoir en Umzamowethu te installeer en vir die opgradering van die sandfilters by die reservoir.

6.3 GEMEENSKAPSAAL

Walter Kurten rapporteer dat ’n Memorandum van Ooreenkoms met KM in plek is. 'n Sekuriteitstelsel is geïnstalleer, vensterrame is geverf, die voordeur is vervang en toilette is herstel. In totaal is ongeveer R30 000 aan die saal spandeer.

6.4 AFVALSTORTINGSTERREIN

Die terrein is op 1 Junie amptelik geopen.

A list of needs with costing will be circulated to all by the Committee.

Henk Bloem requested that donations by all owners via municipal accounts should be investigated. This process was followed by St Francis Bay owners. Walter Kurten mentioned that 51% of the owners had to give their permission before it could be implemented and then the money would be allocated to certain projects only. The Committee would follow up but it could be a long process. In the meantime a plan would have to be made to generate funds.

6.2 WATER SUPPLY

Otto Pepler gave feedback. The boreholes that had been drilled during 2017 were in operation and delivering a substantial contribution to the water-supply. However, the ongoing drought had a huge effect on the springs. One spring had dried up altogether and the other one was delivering only 25% of its capacity. Thus there was less water available than the previous year and water needed to be used very sparingly as there were no funds available, as in the past, to convey water to supply in the need during the peak season.

The good news was that KM had budgeted for another two boreholes. The first hole had been tested and was delivering about 8 000 litres per hour and there was a possibility that the second one could be even stronger. This would place Oyster Bay in a better position for the future.

Part of the budget would also be utilized to install a new pipeline to the reservoir and Umzamowethu and for the upgrading of the sand filters at the reservoir.

6.3 COMMUNITY HALL

Walter Kurten reported that a Memorandum of Agreement with KM was in place. A security system was installed, window frames were painted, the front door was replaced and toilets were repaired. A total of approximately R30 000 was spent.

6.4 REFUSE DUMPING SITE

The site was officially opened on 1 June.

Ongelukkig is baie geld gemors en baie beloftes is nie nagekom nie. Die terrein kan dus nog nie optimaal benut word nie.	Unfortunately, a lot of money was wasted and promises that were made did not realize. The site could thus still not be utilized optimally.
Die storting van tuinafval en takke bly steeds 'n probleem. ’n Oplossing kan wees om 'n "chipper" te bekom, die takke fyn te kap en dan kompos te maak. Dit kan ’n moontlike werkskeppingsprogram wees.	The dumping of garden refuse and branches was still a huge problem. A solution could be to get a chipper, chop the branches and make compost. This could be a possible job creation programme.
6.5 KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE Daar is vier nuusbriewe gedurende 2018 versprei en Fanie Groenewald en Hettie Jooste word bedank vir die hantering hiervan. Walter Kurten versoek dat mense wat nie die nuusbriewe ontvang nie, die komitee in kennis moet stel. Hettie word ook bedank vir die gereelde kommunikasie via WhatsApp.	**6.5 COMMUNICATION/NEWSLETTERS** Four newsletters were distributed during 2018. Fanie Groenewald and Hettie Jooste were thanked for handling this. Walter Kurten asked members to notify the Committee if they did not receive the newsletters. Hettie was also thanked for the regular communication via WhatsApp.
6.6 BRANDWEER Die bouwerk het tot stilstand gekom. Riekie Pienaar het navraag by KM gedoen en verneem dat die projek gekanselleer is. Dit sal verder opgevolg word.	**6.6 FIRE STATION** Building at the fire station stopped. Riekie Pienaar made enquiries at KM and learned that the project had been cancelled. It would be followed up further.
Die brandweerwaentjie word by Lodewyk van Rensburg (NSRI) se huis gestoor.	The mobile fire trailer was currently stored at Lodewyk van Ransburg's (NSRI) home.
6.7 UMZAMOWETHU Adriaan van Wyk rapporteer dat die formele huise in 'n baie swak toestand is. Baie informele huise is opgerig. Daar is ook baie werkloses en gesondheidsorg is nie op standaard nie;	**6.7 UMZAMOWETHU** Adriaan van Wyk reported that the formal houses were in a poor condition. Many informal houses had been erected. There were also many jobless people and healthcare was not up to standard.
Die OIV is betrokke by Sandwater Primêr en Hennie Ferreira, die skoolhoof, doen baie moeite met die kinders.	The ORA was involved at Sandwater Primêr and Hennie Ferreira, headmaster, was making a huge effort with the children;
Die Rainmakerprojek is afgehandel. Die deelnemende Umzamowethu dames se voorleggings was baie goed. Geen geld is nog deur die windplaas toegeken nie aangesien al die projekte baie goed was en daar niemand uitgesonder kan word nie;	The Rainmaker Project was completed. The participating Umzamowethu ladies’ presentations were very good. No money had yet been allocated by the wind farm as all the projects were very good and no clear winner could be chosen.
Die Moreleta Stranddiensspan het 'n suksesvolle uitreik in Umzamowethu gehad.	The Moreleta Stranddiens team had a successful outreach to Umzamowethu.
6.8 VUURWERKE Die afvuur van vuurwerke is onwettig en almal se samewerking word versoek gedurende die vakansie.	**6.8 FIRE WORKS** The discharge of fireworks was illegal and everyone's co-operation in this regard was requested.

6.9 HONDE OP DIE STRAND

Die maatreëls vir honde wat aan leibande moet wees op die strand is nog steeds in werking. Almal se samewerking word versoek.

6.9 DOGS ON THE BEACH

Rules and regulations regarding dogs that had to be on leads on the beach were still applicable. Everyone's co-operation was requested.

6.10 LEWENSREDDERS

Geen klagtes is sover ontvang nie en dit blyk dat die aanstelling van die lewensredders hierdie jaar beter georganiseer is. Walter Kurten meld dat lewensredders nie die verantwoordelikheid van die NSRI is nie, maar dat hulle deur Kouga munisipaliteit aangestel word.

6.10 LIFE SAVERS

No complaints had been received to date due to the fact that the appointment of the life savers had been done in a more organized manner than in the past. Walter Kurten mentioned that the life savers were not the responsibility of the NSRI, but that they were appointed by Kouga Municipality.

6.11 KERSMARK

Fanie Groenewald en Riekie Pienaar was weer die organiseerders van die kersmark en dit was soos in die verlede 'n groot sukses. Allle betrokkenes word bedank vir hul harde werk.

6.11 XMAS MARKET

Fanie Groenewald and Riekie Pienaar once again organized the Xmas Mart and it was, as in the past, a great success. All people involved were thanked for their hard work.

6.12 KERSDIENS

Die Kersdiens sal soos gebruiklik op 25 Desember om 09:00 in die Oesterbaai Gemeenskapsaal plaasvind. Ds. Langenhoven sal die diens waarneem. Die kollekte sal aangewend word vir die instandhouding van die saal en gemeenskapswerk in Umzamowethu.

6.12 CHRISTMAS SERVICE

The Christmas service would as usual be held on 25 December at 09:00 in the Oyster Bay Community Hall. Rev. Langenhoven would conduct the service. The collection would be used for the maintenance of the hall and community work in Umzamowethu.

6.13 FINANSIES

Walter Kurten bedank Hettie Jooste vir haar werk met die hantering van die finansies. Die finansiële state is op aanvraag beskikbaar en is weer nagegaan deur Martiens Kunneke.

Enkele belangrike sake word uitgelig:

Die uitgawes oorkry die inkomste met ongeveer R4 000 en daar is nog 'n leningsooreenkoms van R50 000.

Ledegeld ontvang: R8 200.
Donasies ontvang: R72 000, waarvan R22 000 donasies vir spesiale projekte en bydraes deur komiteelede wat uit hul sakke betaal vir lopende uitgawes en dienste gelewer, was.

6.13 FINANCIAL REPORT

Walter Kurten thanked Hettie Jooste for her work in handling the finances. The financial statements were available on request and had again been checked by Martiens Kunneke.

A few matters were highlighted:

Expenditure exceeded income by about R4 000 and there was still a loan agreement of R50 000.

Membership fees received: R8 200 .
Donations received: R72 000, of which R22 000 were donations for special projects and contributions by committee members who paid out of their own pockets for running expenditures and services rendered.

Daar is slegs 23 donateurs. Vier lede dra maandeliks by en slegs twaalf dra die voorgestelde R500 per huishouding perjaar by.	There were only 23 donors. Four members contributed monthly and only twelve contributed the proposed R500 per household per year.
Inkomste uit verhuring van saal: R3 900. Bedrag bestee aan instandhouding: R26 700, waarvan R12 000 vir die installasie van die alarmstelsel is.	Income from hiring out the hall: R3 900. Amount spent on maintenance: R26 700, of which R12 000 was for the installation of the alarm system.
Kersdienskollekte 2017: R9 600.	Christmas service collection 2017: R9 600.
Martiens stel voor dat daar 'n fondsinsamelingsprojek geloods word. Lede moet gevra word om 'n vaste bedrag per maand of per jaar by te dra en 'n beloftelys moet uitgestuur word waarin lede hulself verbind om maandeliks of jaarliks by te dra.	Martiens proposed that a fundraising project should be launched. Members should be asked to contribute a fixed amount per month or annually and a committal list should be sent out in which members pledge to contribute monthly or annually.
6.14 LIDMAATSKAP Opbetaalde ledetal is tans 177 en daar word weer 'n beroep gedoen op eienaars, inwoners of belangstellendes wat ons dorp se belange op die hart dra, om aan te sluit by die vereniging.	**6.14 MEMBERSHIP** Current paid-up members were 177 and all property owners, residents, visitors or any other persons who had the interest of Oyster Bay at heart, were urged to register as members of the Association.
6.15 IDP Slegs een IDP vergadering is gedurende die jaar deur die Kouga munisipaliteit in Oesterbaai gehou. Die wyksraadslid, rdl Mayoni het geen bystand gelewer nie. Die Bestuurskomitee het formeel beswaar aangeteken by die munisipale bestuurder, maar geen terugvoer is ontvang nie. Diana Biggs, wat voortdurend ondersteuning gebied het, het intussen bedank as raadslid.	**6.15 IDP** Kouga Municipality held only one IDP meeting in Oyster Bay. The ward councillor, Clr Mayoni offered no support and the Management Committee submitted an official complaint to the Municipal Manager, but did not receive any feedback. Diana Biggs, who had given continuous support, had in the meantime resigned as councillor.
6.16 VERFRAAIING VAN DIE DORP Deurlopende insette van komteelede dra by tot die netheid van die dorp. Daar word deurlopend met munisipale amptenare geskakel rakende die ontbossing en sny van die sypaadjies.	**6.16 BEAUTIFYING THE TOWN** Continuous support from Committee members contributed towards the neatness of the town. There was regular communication with municipal officials regarding the deforestation and mowing of the pavements.
7. ANDER SAKE **7.1 LINK** Komiteelede rapporteer alle klagtes, foute, ens. via hierdie toepassing en dit is baie suksesvol.	**7. OTHER MATTERS** **7.1 LINK** Committee members reported all complaints, faults, etc. on this app and it was very successful.

7.2 NOODPLAN Kopieë van die noodplan is aan alle huishoudings in Oesterbaai versprei.	**7.2 EMERGENCY PLAN** Copies of the emergency plan were distributed to all houses in Oyster Bay.
7.3 KLANKSTELSEL Die aankoop van 'n klankstelsel vir die saal sal ondersoek word.	**7.3 SOUND SYSTEM** The purchase of a sound system for the hall would be investigated.
7.4 SEKURITEIT Kotie Sevenster, namens Calibre Sekuriteit, het gerapporteer dat daar geen huisinbrake gedurende 2018 was nie.	**7.4 SECURITY** Kotie Sevenster, on behalf of Calibre Security, reported that there had been no break-ins in any houses during 2018.
8. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE Daar word verwys na punt 8(g) van die OIV Grondwet en Fanie Groenewald stel voor dat dié punt geskrap word. Daar sal ondersoek ingestel word en by die volgende AJV bespreek word. Nominasies ontvang: Walter Kurten, Adriaan van Wyk, Fanie Groenewald, Otto Pepler, Lana Pepler, Joe Meyer, Martiens Kunneke, Hettie Jooste. Al die genomineerdes word eenparig verkies om vir die volgende twee jaar op die komitee te dien. Riekie Pienaar se termyn verstryk eers aan die einde van 2019.	**8. ELECTION OF NEW COMMITTEE** With reference to point 8(g) of the ORA Constitution, Fanie Groenewald suggested that this point be deleted. Investigation would be done and discussed at the next AGM. Nominations received: Walter Kurten, Adriaan van Wyk, Fanie Groenewald, Otto Pepler, Lana Pepler, Joe Meyer, Martiens Kunneke, and Hettie Jooste. All the nominees were unanimously elected on the committee for the next two years. Riekie Pienaar's term would only expire at the end of 2019.
9. BEDANKINGS Kobus du Toit bedank die bestuurskomitee vir hul toewyding en harde werk en noem dat die huidige komitee, volgens hom, die beste is waarmee hy te doen gekry het in al die jare wat hy Oesterbaai besoek.	**9. ACKNOWLEDGEMENTS** Kobus du Toit thanked the Management Committee for their commitment and hard work and mentioned that, according to him, the present Committee was the best he had encountered in all the years he had been visiting Oyster Bay.
10. AFSLUITING Walter Kurten bedank almal vir hulle teenwoordigheid en ondersteuning en wens een en almal ’n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe!	**10. CLOSING** Walter Kurten thanked everyone for their presence and support and wished one and all a blessed Christmas and a prosperous New Year!

VIR GOEDKEURING TYDENS ALGEMENE JAARVERGADERING DESEMBER 2019 / TO BE APPROVED AT ANNUAL GENERAL MEETING DECEMBER 2019